**Pay, pos en pas.**

Die drie "p's". Dit was die middelpunt van 'n diensplig troep se heelal - daai drie.

**Pay...**

Ons het in 1987 'n hele R180 per maand soldy gekry - dit was, als in ag genome, meer as genoeg geld. Dit was voor aftrekkings. Ek onthou goed soos R4 vir haarsny, en R3 vir menasie fooie - vir goed soos konfyt - wat ons natuurlik nooit gesien het nie. Dan het daar steeds R173 oorgebly in ons United-Help-U-Go kaart. Daai rooies.

'n Bier het 50 sent gekos. Maar jy kon dit eers na Basies koop, en dan net twee per troep per aand. Teen daardie tyd kon ons twee-twee op een bier geblaas raak. Ons was super fiks, en so senigrig soos 'n dorsland koeksister. Seëls was 10 sent elk.

'n Tiekieboks se boonste gleufie het 'n hele 20-sent gesluk - alhoewel dit - toegegee - net in absolute noodgevalle gebeur het. Dit was wanneer die "lang tiekie" wat jy altyd in jou notaboekie of beursie saam gedra het, se gare draadjie afgebreek het, of as een of ander bleddie gulsige tiekieboks die 10-sent stuk waaraan die garedraadjie vasgeplak was, wragtag vir homself geeïen het.

Ai, hoe vloei die herinneringe aan 'n lang tiekie nou terug! In die Army was daai stuk uitrusting so gereeld by jou soos jou roer. Dus ... altyd. Die lang tiekie het bestaan uit 'n ou 10 sent stuk waaraan 'n dun gare draadjie - afkomstig uit jou Dankie Tannie sak se vele weldeurdagte en goed-gekonsidireerde skatte - vasgeplak is, en dan 3 en 'n half keer kant oor kant om die 10 sent stuk gedraai is.

Ek het GEEN idee hoekom 3 en 'n half keer nie, maar dis soos die "oumanne" dit vir ons geleer het, en in die weermag het jy gou geleer om nie innoverend, of krities te dink nie. Trouens, net om te dink het opsigself legio onnodige probleme uitgelok. Dis dus maar so ver moontlik vermy.

Die 10 sent stuk is dan - ook net as jy wonder bo alle wonders 'n kans gekry het by een van die 6 tiekiebokse wat die eenheid van bykans

3,000 troepe gehuisves het, in die middelste gleufie se opening  gehou, terwyl jy jou nommer skakel. Riversdal 362 was my Ma'le se nommer.

Sodra iemand dan optel, het die tiekieboks begin piep, en dit was die teken om dan die lang tiekie in die gleufie te laat afgly, terwyl jy aan die gare draadjie vashou. Sodra jy dan 'n langdurige "krrrrrrr" geluid in die swart gehoorstuk hoor, het jy die ou karnallie effe terug getrek, die gare om die swart knoppie gedraai sodat hy op sy plek bly, en dan moes jy die swart knoppie net onder die 10-sent gleufie twee keer vinnig na mekaar druk. "tik-tik" ...

Dan het 10 sent se bel tyd geregistreer. Vir elke daaropvolgende "tik-tik" kombinasie, het nog 10 sent se bel tyd bygekom. Die standaard woorde - nog voor jy behoorlik "Hallo Ma!" geroep het, was om te sê "*hou net aan!!!"* waarna die swart knoppie so dosyn keer in kombinasie gedruk is. "tik-tik...tik-tik...tik-tik...." .... en so aan. Met so Rand se krediete, kon jy dan ordentlik jou Ma groet, en van al jou ellende vertel.

Aan die einde van jou oproep is die lang tiekie dan versigtig aan sy draadjie uit die geld gleufie uitgetrek, en op sy plek in jou beursie of nota boekie gebêre. Tot volgende keer. By treinstasies, in kafees, op bushaltes, buite ladies bars - daar waar jou ryloop jou heen geneem het. Daar het jou getroue kommunikasie fasiliteerdertjie saamgery. Knus op sy bêreplek, en met sy gare graadjie om hom vasgedraai. Gereed vir aksie. Jou sleutel tot internasionale kommiunikasie.

Party ouens het so roetine gehad by die tiekieboks - jy kon sommer so aan sy staan en houding sien dat daardie gesprek van meer persoonlike aard, en langdurige verloop gaan wees. Dan kon jy maar netsowel aanskuif op soek na 'n ander tiekieboks. As sekere ouens met hul Bryl-cream op hul pennetjies hare so spesifieke houding voor die tiekieboks ingeneem het, kon jy maar weet: Dis hartsake daai, en dit gaan 'n wyle neem... Gaan soek maar 'n ander tiekieboks.

**Pos...**

Pos was heilig. Pos was nog goed wat in koeverte rondgestuur was - met seëls op. VPK 1 het gestaan vir Veld Poskantoor nommer Een. Baie van ons adresse het so begin. My pos adres het elf keer verander soos ek rondgestuur is.

Pos parade was 'n eiesoortige gedoente. Veral in basies. Enersyds was daar sonder uitsondering een besonderse bedonnerde onderkorporaal wie gewoonlik die eer gekry het om 300 troepe se pos parade te behartig. Hy wou sonder uitsondering eerder iets anders gedoen het. Soos snot-ossies rol, of die Scope vir die 200ste keer deurblaai, terwyl hy die sterretjies weg wens.

In plaas daarvan om die parade klaar te kry, en die pos net uit te deel, het die swaap eerder dan die tyd verwyl om sy keel hees te skree, en almal te laat push-ups doen omdat hy Dallas mis, as om net ... jy weet ... die bleddie pos uit te deel.

'n Mens kon seker die pos parades 'n 'skip' gegee het - dit was gewoonlik saans laat voor die bungalow gehou. Maar die vermoede dat daar vir jou 'n brief sou wees, het mens maar elke keer die 'abuse' laat verduur om maar te gaan aantree.

My suster het eenkeer vir my 'n brief gestuur - kompleet met lipstiek en hartjies op die koevert. En lafentel water op ook. Sulke briewe het onafwendbaar tot heelwat meer 'abuse' en 'push-ups' gelei - net om te bewys dat jy fiks genoeg was om die ding te lees.

Ek het seker 200 push-ups gedoen, met weghol eksotiese beelde van 'n beeldskone niggie met diepsinnige nimfomaniese afwykings (vieslik, maar tog...) wie nou eers - na soveel maande se onverpoosde soeke na my, my adres opgespoor het.

Ek het probeer om die handskrif te eien, soos die sadistise swaksinnige blygemaakte troep die koevert voor my neus gehou het. Heeltyd terwyl die sweet druppels so plof..., plof... van my snoet af in die stof voor my val...

Nodeloos om te sê - my geskrewe antwoord - kompleet met 10-sent seël op nogaal - op my suster se brief was effe ... by wyse van spreuke ... op die man af. Ek het haar daaraan herinner dat ek - indien ek Basies sou oorleef - weer sou huistoe kom. Met gevolge. Ek dink die Ingilse het dit 'n 'humor failure' genoem.

Dan was daar die gevreesde, en onafwendbare .... "Dear Johnny". Die afsê brief. Die "*ten-spyte-van-my-geswore-liefde-aan-net-jou-my-enigste-liefde-skattie-bolletjie*" - verklaring van net een week gelede se

brief, het niggie nou sonder dat sy "*daarna gesoek het"* (maar natuurlik!) "*die man van haar drome ontmoet*".

'n Afleiding sou onafwendbaar - en akkuraat - gemaak kon word dat die skrome skrander skermunkel nie op daardie stadium van sy lewe die tyd in univorm verwyl in 'n kamp met regte wagte en met regte gewere nie.

Party van die ouens uit meer boheemse agtergrond en afkoms, het die "Dear Johnny" anders hanteer as ons plattelandse kinders. Manne wie toe al gesoute mynwerkers en "mechanics" endiesmeer was, en wie se tuis buurte meer tussen mynhope en in mobiele eenhede te vinde was, het heelwat meer vokaal en fisies uiting gegee aan hul teleurstelling.

Om sy staal kas deur die bungalow se ruit te gooi, die toilet deur middeldeur te skop, en sommer 'n paar ouens te gaan moer, was meer hul manier om innerlike, diepgevonde smarte te verwerk.

Die een perd - ook blykbaar afkomstig uit 'n lang ry voorsate wie almal vanaf 9-jarige ouderdom in die myne gewerk het, het in een week nie minder nie as drie "Dear Johnnys" gekry. Drie. Vanaf verskillende niggies. In skynbaar verskillende woonbuurte.

Hy het die oënskynlike verraad bitter moeilik verwerk. Hy was - soos hy vir ons na 'n langerige vertoef in die "DB" (die Army se weergawe van ‘n tronk – maar met ‘n hele paar addisionele attraksies wat daarop gemik is om jou fiksheid vlakke drasties te verhoog, en jou lewensgenot drasties te verlaag) vertel het - ….. ontroosbaar. Teen daardie tyd was heelwat ouens wie sy smarte eerstehands aanskou het, ook al uit die hospitaal - met net geringe littekens waar die steke uit wenkbroue, voorkoppe en lippe verwyder was. My afleiding was dat hy liefde - en die plotseling gebrek daaraan - meer intens ervaar as ander mense.

My ander herinnering aan Army pos was toe ek as Ops Medic ontplooi was. Ek het 'n troep wie op Loatla oorlede is voorberei voor ons hom in 'n lyk-sak gesit het. 'n Body-bag. Baie ouens is in opleiding dood. Hy het 'n halfgeskryfde brief aan sy Ma in sy overall se boonste sak gehad. Een van daai vuilerige briewe wat die dun, blou papier so in die koevert ingevou het. Papier en koevert in een. Ek dink die seël was ook reeds daarop. Een van daai briewe wat jy so saamgedra het, en so paar sinne geskryf het onder 'n koelte boom - terwyl die ander ouens rook.

Ek het met die halfgeskryfde brief - en 'n oorstokkie - wat ook in sy sak was, gestaan en probeer uitwerk wat om te doen... Pos mens dit vir die Tannie, of los mens dit net? Ek het hartseer so na die stukkende, dooie ou gekyk (dit kon menige kere ek gewees het, daai), en na die brief aan sy Ma.

Pos ek dit? Los ek dit? Wat is die regte ding om te doen? Gaan ek die Tannie se hart en lewe verder uitmekaar skeur deur dit te pos? Of sal sy dit later waardeer dat iemand dit vir haar gepos het? So half geskryf... Met die woorde: "Liewe Ma. Ek het nou weer 'n kansie om te skryf. Ons is nog op Loathla. Ons kan binnekort pas kry - en huistoe kom!..." Ek dink sy van was Meyer.

**Pas...**

Pas. Verlof. Huistoe gaan.

Moet geen fout maak nie: In die 70's en 80's was weermag opleiding in die skerpkant eenhede niemand se idee van 'n grap nie. Daardie eerste jaar het manne *gebuig*.

In tye van onverbiddellike stres en spanning en swaarkry, honger kry, dood moeg wees, vuil wees, koud kry, nooit privaatheid hê nie, ... ensomeer - was die vooruitsig op pas baie keer 'n ou se enigste emosionele kruk. Dit het jou vir nog net één dag laat aanhou. Want pas kom. Pas parade. En die oopmaak van die eenheid se hekke - dat ons kon huistoe ryloop, trein ry, lifts vang... na jou eie mense kon terugkeer. Vir drie slapies lank...

'n Pas parade in 1 SAI het my male sonder tal verstom. As daar een ding was wat meer op 'n PF (veral dies wie nou al 'n keer of wat weens goed soos suip, bloot sleg wees, dom wees - of die feit dat hy die baas se fraaie vroutjie gevroetel het - en toe uitgevang is - vir bevordering oorgeslaan is) se tiete gewerk het, was dit 'n bly, opgeruimde troep. Een wat wettig mag huistoe gaan. Hulle veragting vir 'n bly, opgewonde troep, en prostaat ondersoek met 'n skurwe stok, was op dieselfde vlak.

Gevolglik was pas parade 'n eiesoortige beproewing. Die magteloosheid om 'n troep se vreugde te demp was vir baie van die PF's in die voorafvermelde kategorie, 'n rots des aanstoots. Gevolglik het hulle die pasparade met 'n vennynigheid van Olimpiese standaard benader.

Samevattend kon mens die hele gedoente onder 'onredelik' tuisbring. Redelikheid, en gedeelde vreugde vir die troepe se geluk, sou 'n misplaasde beskrywing vir ons pas parades gewees het.

Enersyds was die openlike dreigement dat pas summier gekanseller sou word, sou enige van ongeveer drie miljoen oortredings in die geringste vorm deur enige iemand - insluitende Ghadaffi homself - begaan word.

Dan was pas parade gedurig een of ander sadis se forum om 'n persoonlike vendetta te kom ..."skik". Vir die super gatkruipers - wat in elke eenheid te vinde was - was pas parade 'n geliefde forum om hul staal en lojaliteit en ongenaakbaarheid vir een of ander hoër rang te demonstreer.

Ek het eenkeer gesien hoe so PF luitenant - wie toe al weens dronkenskap en openbare geweld gearresteer was, en toe uit radeloosheid begin het om sy vrou te moer, 'n troep op sy uitklaar parade laat arresteer het. Omdat die lid gewéét het van 'n mede dienspligtige wie die vorige aand al huistoe is - en dit nie kom rapporteer het nie. Rambo se moer. Hierdie ou het soos Jan Wilkens op steroids gevoel, terwyl hy die ou - wie op sy uitklaar parade staan - staan en uitlag.

Kyk. Die Army het goeie tye opgelewer - en ongelooflike herinneringe - .... en skermunkels wie se kneukels nog op die sypaadjie gesleep het. Ouens wie sweerlik met 'n stuk suur pap uit 'n drein gelok is, 'n univorm aangetrek is, en 'n klein bietjie gesag gegee is.

Die ander deel van pas wat my altyd sal by bly is die aand na die pas - wanneer ons almal weer in die eenheid bymekaar kom. Dit was gewoonlik een millisekonde voor 12uur snags - die tyd wanneer jou PASBOEK gesê het jy moet aanmeld.

Om te gaan slaap was sinneloos. Ons sou om 03h15 opgejaag word, en dan in persoon deur 'n samajoor soos Killer Smit of Eugene Wiese homself - wie teen daardie tyd bloedbelope oë en onvastigheidjie van spraak van onverdunde heimweë na ons ontwikel het. Jy kon maar net sowel jou balsak uitpak, regmaak vir inspeksie, en probeer uitwerk waar jy jou Ma se beskuit en biltong gaan wegsteek.

Ons het so na so uur se geritsel op ons kooie gaan lê. Party ouens het gerook. Ander het met fotos van hul girlfriends op die bors gelê. Een of twee se foto is van 'n stukkie fyn onderklere vergesel. Iemand het 'n tape gespeel. Toe die liedjie "*Hart, I just died in your arms tonight*" begin speel, kon jy die kollektiewe sug regdeur die bungalow hoor.

Ek het toe besef hoe 'n "knowing expression" eintlik lyk.